# Hoofstuk 4.2

# PUK EN DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG



**"Helmette en kakie net waar ek kyk … Die eerste helmette gaan die venster verby. Ruite klap en sink raas. Kosyne kraak – dit beuk teen ons aan soos 'n siedende golf van 'n oseaan. Ek het ... knuppels en sandsakke sien swaai, selfs 'n ysterbeslaande piksteel ... Ek het afwerende studente sien neersak, en tussen in ons gillende dames."**

**- JA ("Roes") du Plessis, in "Die Wapad" Junie 1948**

**"Die stormaanslag van honderde soldate op Woensdagaand die 7e Augustus 1940 vanaf ongeveer 7.15 tot 7.35 nm. ... het getoon dat die P.U.K. vir C.H.O. vas- en ingewortel is in die harte van sy studente en oud-studente en geanker is in die Christelik-nasionale lewe van die Afrikaanse Volk wat voortbeweeg op die Pad van Suid-Afrika."**

**- Ferdinand Postma, in "Die Veteraan" (V), Desember 1940**

## 4.2.1 Oolog: 4 September 1939

Op Maandag 4 September 1939 het die Unieparlement met 'n meerderheid van 13 stemme, teen die wense van premier JBM Hertzog in, besluit om nie neutraal te staan nie in die oorlog wat pas in Europa losgebars het en binne dae in 'n volskaalse wêreldoorlog sou ontvlam. Hierdie besluit is voorafgegaan deur 'n bedrywige naweek van intriges en dramas, waartydens geen steun onaangeroer gelaat is om ondersteuning vir die twee direk teenoorgestelde beleidspunte jeens oorlogsdeelname – neutraliteit of deelname – te werf nie. Generaal Hertzog en 'n deel van die regerende Suid-Afrikaanse Nasionale Verenigde Party (kortweg Verenigde Party), ywerig ondersteun deur die Nasionale Party as opposisie onder leiding van dr DF Malan, wou neutraal staan maar met nakoming van verpligtinge en verhoudinge met Brittanje en die Statebond. Vir Smuts en sy ondersteuners was dit nie voldoende nie: die bande met Duitsland moes verbreek word en daar moes aktief tot die stryd toegetree word.

Die kloof in die Suid-Afrikaanse politieke denkwyse oor die verhouding teenoor Brittanje en die Britse Ryk het hom duidelik in hierdie stemming openbaar. Op 'n enkele uitsondering na was dit almal Afrikaners wat vir neutraliteit gestem het; op 'n bietjie meer uitsonderings na was dit Engelssprekendes wat téén neutraliteit gestem het. Die massa mense wat voor die parlementsgebou saamgedrom het, in afwagting van die uitslag, het die verdeeldheid verder geaksentueer. Een groep het hulle luid hoorbaar gemaak met uitroepe "We want Smuts! We want Smuts!" terwyl "God save the King" en "Rule Britannia" luidkeels weerklink het. Teenoor hulle die ander groep, wagtende op Hertzog en sy ondersteuners en singende "Die Stem" en "Afrikaners Landgenote". [1]

Die realiteit van hierdie verdeelde lojaliteite sou oor die hele land ervaar word, ook op Potchefstroom en op die PUK kampus.

Die leidende rol wat persone soos proff Joon van Rooy en JD du Toit (Totius) op Saterdag 9 September 1939 tydens die vreedsame protesaksie en massaher-enigingsbyeenkoms van Afrikaners te Monumentkoppie suid van Pretoria gespeel het, tesame met die voorafgaande standpuntstellings en stellinginnames jeens die politieke bestel in die land, het geen twyfel gelaat dat die oorwegende simpatie en lojaliteit van die meerderheid dosente en studente van die PUK by die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog nie by Brittanje gelê het nie, maar baie sterk neerslag gevind het in 'n beleid van neutraliteit. Juis as gevolg van hierdie sentimente sou die universiteit met sy personeel en studente tot 'n groot mate opgesuig word in die warrelende emosies wat, volgens hierdie neutraliteitsgesindes, deur die besluit tot oorlogsdeelname op 'n substantiewe gedeelte van die Afrikanerdom afgedwing is. En sou dit tog 'n mate van ontwrigting op die PUK kampus tot gevolg hê.


## 4.2.2 Eerste "slagoffers": Du Toit en Eiselen

Op Maandag 6 September 1939, die presiese dag waarop Suid-Afrika amptelik tot die Tweede Wêreldoorlog toegetree het, het rektor Ferdinand Postma in die Senaat verwys na "die donker toestand wat ingetree het as gevolg van die oorlog" en het hy dankbaarheid uitgespreek dat daar nog ongestoord gewerk kon word. [2]

Met die uitbreek van die oorlog was daar ongeveer 200 Suid-Afrikaners in Nederland en naastenby 1000 in Engeland wat dadelik na Suid-Afrika wou terugkeer. Weens die staat van oorlog moes Duitse besprekings ook deur die Nederlandse Holland-Afrikalyn hanteer word.

Soos reeds gesien, was dr GTS Eiselen, wat aan die Universiteit van Jena sy doktorsgraad met lof verwerf het, die eerste oorlog-"slagoffer" aan die PUK: voordat hy kon terugkeer, is hy en sy vrou, wat pas in Junie 1939 by hom aangesluit het, deur die Duitse regering aangehou. In sy September-uitgawe wou *Die Besembos* prof Eiselen gelukwens met sy graad, "maar weet nie waar hy is nie". Vroeg in 1940 was die Eiselens darem ook veilig tuis op Potchefstroom. Prof S (Fanus) du Toit, wat kort voor die uitbreek van vyandelikhede vir verdere studie in Nederland arriveer het, moes op sy beurt – en ook vergesel van sy vrou – baie vinnig na Suid-Afrika terugkeer. In PUK-kringe was daar groot verligting om te lees dat hy, "as alles goed gaan", teen middel November darem weer tuis sou wees. Oudstudent DCS van der Merwe, wat na afloop van sy suksesvolle studies aan die VU 'n draai in Marburg, Duitsland gaan maak het, is net soos prof Eiselen vir 'n kort tydjie deur die Duitse regering aangehou. [3]





***4.2.1***

***Proff S du Toit (bo) en GTS Eiselen - eerste "slagoffers" van die oorlog in Europa.***

Op die "tuisfront", en wat betref die PUK op die Bult en op die kampus, sou dit spoedig ook maar rof daaraan toegaan.

### 4.2.3 "Wintersnag": Soldate-aanval, 7 Augustus 1940


Net soos in die Eerste Wêreldoorlog was die aanwesigheid van die militêre basis op Potchefstroom en veral sy ligging vlakby die terrein van die Universiteit en Normaal Kollege 'n potensiële bron vir onrus. Die viriele, oorlogsgesinde soldate en die jong, lewenslustige anti-oorlogsgesinde studente sou nie huiwer om tydig en ontydig hul direk teenoorgestelde sentimente aan die groot klok te hang nie – dikwels tot ergernis en frustrasie van die ander party.

So byvoorbeeld het etlike honderde studente hulle tydens 'n studentebyeenkoms in Junie 1939 vereenselwig met die landswye veldtog van die Nasionale Party ten gunste van neutraliteit, en is 'n mosie aanvaar waarin onder meer gesê word dat 'n groot deel van die volk weier om as kanonvoer vir Engeland gebruik te word. "As ons moet veg vir Suid-Afrika", het SR-voorsitter PJ (Peet) Coetzee driftig verklaar, "sal ons veg soos tiere, maar ons weier om 'n druppel bloed vir Engeland te laat vloei." Liewer huis toe gaan of doodgeskiet word, as om vir Engeland te gaan veg, was die oorheersende gevoel. Die slegs ses teenstemme teen die mosie was, volgens een van die studente, eerder teen die strawwe bewoording as teen die gees daarvan gekant. [4] By Nasionaalgesindes maar veral by studente was dit verder 'n vaste ritueel om tydens bioskoopvertonings te bly sit of uit te stap wanneer die Britse volkslied "God Save the King", soos gewoonte was, gespeel word. Dit het die lojale soldate natuurlik dwars in die krop gesteek en fisieke konfrontasie is ternouernood afgeweer deurdat die studente die bioskoop begin vermy het.

In Maart 1940 het die sekretaris van Onderwys, prof MC Botha, vir rektor Postma attent gemaak op bewerings dat die studente die lewe ondraaglik maak vir die soldate. Hierdie bewerings is op sy beurt weer deur die sekretaris van Verdediging onder sy Onderwys-eweknie se aandag gebring, en daar is onder meer verwys na die uitdagende en uitlokkende houding van die "Extremist Nationalist Student Body", wat na bewering deur sekere ongenoemde professore aangehits word. [5]

Tien dae later reageer Postma. Hulle het die saak ondersoek [6] en bevind dat die gerugte oor sowel personeel as studente van alle grond ontbloot is. Die versekering word deur rektor Postma gegee dat so iets nie sal gebeur nie: "Meer as iemand anders miskien besef ek die gevaar vir sodanige optrede en daarteen sal met alle krag gewaak word." Hy is in kontak met die bevelvoerende offisier, wat geen sulke klagte gekry het nie, en op personeelvlak is die beskikbaarstelling van fasiliteite aan die soldate, soos voetbalvelde, verskeie kere al beredeneer. [7] Postma en registrateur S du Toit het ook die studente herhaaldelik gemaan en versoek om nie die soldate te antagoniseer nie, terwyl groot rugbyman, registrateur Fanie (Vaatjie) du Toit se beproefde resep vir die kweek van goeie gesindhede gevolg en daar in April 1940 twee rugbywedstryde in die grootste gemoedelikheid tussen studente en soldate gespeel is. [8]

In die twee staatsdepartemente is met genoeë kennis geneem van Postma se reaksie. [9] Maar die lont het stadig voortgebrand ...



Potchefstroomse Universiteitskollege
(Universiteit van Suidafrika).
—:o:—

Potchefstroom, 15 Maart 1940.

Die Sekretaris van Onderwys,
Unie-Onderwysdepartement,
Bus 679,
KAAPSTAD.

WelEd. Heer,

U brief No. E. C.T. 1/40 van 5 deser het ek ontvang.

In antwoord daarop is dit my na ondersoek 'n genoeë om u te kan meedeel dat die gerugte wat by die Minister van Verdediging ingedien is van alle grond ontbloot is. Nog van die kant van die personeel nog van die kant van die studente is gehandel soos beweer word en ek wil ook die versekering gee dat so iets nie sal gebeur nie.

Meer as iemand anders miskien besef ek die gevaar ~~in~~ vir sodanige optrede en dáárteen sal met alle krag gewaak word.

Ek het verder die vryheid geneem om met die bevelvoerende offisier alhier hierdie saak/bespreek. Hy het my verseker dat daar deur die manskappe tot nog toe geen sodanige klag ingedien is nie.

Tenslotte wil ek beklemtoon dat een en andermaal reeds deur staflede bespreek is wat gedoen kan word om die soldate wat hier opleiding ontvang van ons kant sekere fasiliteite aan te bied. Die plan is tans om ons voetbalvelde vir hulle op sekere dae tot beskiking te stel vir oefening. Later sal miskien nog meer punte van kontak kan gevind word.

Met die meeste hoogagting,

U diensw.

REKTOR.

Die Minister

Hier is dr. Postma se antwoord. Stuur dit asb. aan my terug as u dit gelees het

Sekretaris Ond

MCB.
19/3/40

Gesien. Dankie. Dit is baie bevredigend

19/3

**4.2.2**

***Brief Postma/Sek v Onderwys, 15.3.1940 (DvO-Argief)***

Die eerste uitbarsting was by Normaal Kollege, vroeg in Mei 1940 en wel by een van die inrigting se buitehuise. [10]

In dié tyd het was dit gebruiklik dat die Afrikaanse Nasionale Studentebond (ANS), wat die ou Transvaalse Vierkleur as sy amptelike vlag aanvaar het, dit tydens "Afrikaanse nasionale dae" gehys het. 'n Naamlose persoon het die voorsitter van die ANS vanuit die militêre kamp gebel en teen die hysing van die vlag gewaarsku. Die patriotiese studente in die buitehuis het alte graag met hul Vierkleur-vlag gespog, maar toe hulle na die soldate se sin darem te oneerbiedig met die Union Jack (gekaap tydens die Potchefstroomse fees die vorige jaar) handel, deur dit halfmas onder die Vierkleur te laat hang, het 'n aantal soldate in burgerlike klere op die huis toegesak, die vlagpaal omgeruk en met die inwoners handgemeen geraak. Byna-byna was dit 'n lelike insident.

Tydens samesprekings tussen die hoofde van die twee inrigtings hierna is besluit dat die Kollegeowerhede sou toesien dat die studente nie uittartend teenoor soldate optree nie, terwyl die onmiddellike omgewing van Normaal en PUK as "verbode terrein vir die artilleriste" verklaar is. In die latere ondersoek het prof Van der Merwe getuig dat soldate vanuit hul motors afkeurenswaardige opmerkings sou gemaak het wanneer hulle in die strate by studentemans in geselskap van dames verby gery het. Die optrede van die Normaal-studente is nogtans deur rektor PJ van der Merwe afgekeur en die buite-koshuis kort hierna gesluit, om meer direkte toesig oor die studente te kon hê. [11]

En toe, Woensdagaand 7 Augustus 1940, skuins voor halfagt, gebeur dit.

Die studentemassa van die PUK is in hulle sinksaal saamgetrek, besig met "sing-songs" met die oog op Saterdag se intervarsity teen Pretoria. Geagte raadslede is drupsgewys besig om op te daag vir 'n vergadering. Op pad na die vergadersaal gesels registrateur Du Toit 'n paar woorde met nagwag Bester. Dan hoor hulle 'n gedruis soos soldate wat marsjeer, by die suidelike ingang van die kampus.

Gaan sê vir hulle dis privaatgrond, gee Du Toit opdrag aan Bester. "Ek staan toe nog vir 'n paar sekonde om te luister ... toe val hulle die sinkgebou studentesaal aan, waar studente besig was om liedjies te sing." [12]

Vir ongeveer twintig minute lank het daar chaos in en om die studentesaal geheers toe 'n groep van etlike honderde soldate, gewapen met stokke en ysters, die studente aangeval en verwoesting aan die saal en die omliggende koshuise aangerig het. Waar dit tydens die Eerste Wêreldoorlog slegs gerugte was en gerugte gebly het, het 'n soldate-aanval op die PUK hierdie keer 'n werklikheid geword.

Huisvader LJ du Plessis het as ooggetuie skriftelik verslag gedoen van die "mini-oorloggie" op die PUK kampus, wat skaars 'n halfuur geduur het. Du Plessis vertel onder meer hoedat meisies "in 'n verwarde en sommige effe bebloede toestand" vanaf die manskoshuise aangehardloop gekom of deur soldate met "offisieragtige voorkoms" begelei is. "Hierdie dames het uitgeroep dat die mans doodgeslaan word en het ook verduidelik dat hulle … aangerand is en deur die soldate tussen die mans uitgeruk is … Na 'n kort rukkie het die rumoer by die manskoshuise, wat steeds gepaard gegaan het met die breek van glas en die blaas van fluitjies, begin bedaar en toe het die soldate na die sing van enkele Engelse liedjies min of meer weer in gelid terugbeweeg …" [13]

Ook registrateur Du Toit het aantekeninge gemaak van sy ervaringe dié aand. Hy het op 'n stadium die soldate sterk aangespreek oor die aanval, waarop hulle gesê het dat die studente daardie oggend een van hul makkers aangerand en doodgeslaan het – of feitlik doodgeslaan het, volgens 'n ander weergawe. Die hoof van die kamppolisie het hom om verskoning kom vra vir die aanval en hy kon ook met opsigtelike dankbaarheid konstateer "dat die soldate nie een enkele oomblik hulle tot die Kollege Hoofgebou gewend het nie". Hy skat daar was ongeveer 600 soldate en dat die aanval 'n kwartier geduur het. [14]

Die kontingent soldate het hulle, na onttrekking van die PUK-kampus, na die terrein van Normaal gewend op soek na PUK-studente. Ook hier is skade aangerig aan ruite en glasdeure, terwyl musiekdosent Van der Bent deur glasskerwe aan sy gesig beseer is. Nadat die soldate 'n klompie studente "God save the King" gemaak sing het, het hulle teruggetrek kamp toe. [15]

Oor die jare heen is heelwat van die studente wat die aanval beleef het, se herinneringe op skrif gestel. Soos dié van JH de Jager en latere professore Peet Coetzee en Floors du Plooy. [16] En is daar ook die gevoelvolle beskrywing van die gebeure op daardie traumatiese "wintersnag" deur JA du Plessis (oftewel "Roes"), soos opgeteken in *Die Wapad* van Julie 1948. Hierdie beskrywing word geoormerk vir publikasie elders en daarom word hier met 'n kort aanhaling volstaan.

Roes onthou: "Helmette en kakie net waar ek kyk ... Die eerste helmette gaan die venster verby. Ruite klap en sink raas. Kosyne kraak – dit beuk teen ons aan soos 'n siedende golf van 'n oseaan. Peper en kerrie reën die vensters in, papiersakke vol, en dit het getref. Tussen al die geluide deur kon jy die geproes, genies en gehoes verneem …



FLEMINGS APTEEK
(EIENAAR: W. LAST)
Ons aflewerings gaan na al die voorstede van Johannesburg. Plattelandse bestellings 'n spesialiteit.
Joubertstraat 75
Johannesburg Foon 22-4233

Die Transvaler

Melpark Garage en Diensstasie
(Eienaars: E. S. A. Swanepoel en H. A. Harper)
PARKERING, PETROL, DIENS EN HERSTELWERK.
Alle soorte van Toebehoorsels voorradig.
Hoek van Negendestraat en Rustenburgweg
MELVILLE
Foon 31-1316, Johannesburg.

DERDE JAARGANG. No. 263. Gedruk en uitgegee deur die Voortrekkerpers, Bpk., Hoekstraat 18-24, en versprei deur die Sentrale Nuusagentskap, Johannesburg. DONDERDAG 8 AUGUSTUS 1940 Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad. TWEE PENNIES

SOLDATE MAAK AMOK OP POTCHEFSTROOM

Woeste Vernietigingstog Teen Onderwysinrigtings

ONTSETTENDE TONELE

(Van ons Universiteits- en Normaalberiggewers)

*Die Transvaler 8.8.1940*




*Studentesaal na die slag.*



*PUK- "slagoffers" van die aanval.*



*Ontbyt op die "patio"... die eetsaal is vernietig!*



*Voorbeelde van wapens*

***4.2.3***

***Soldate-aanval 1940***

"Ek was stom. Toe beur hulle in – die kakies! Ek het … knuppels en sandsakke sien swaai, self 'n ysterbeslaande piksteel was ergens die lug ingehef. Ek het afwerende studente sien neersak. En tussen in ons gillende dames. Ek het gesien hoe 'n hulpelose student wat die peper uit sy gesig gevee het, met 'n sandsak neer geslaan word. Ek het gesien hoe een van ons dames al oor die kakiehelmette aangegee is van hand tot hand die deur uit. Uit die hoek van my oog het ek gesien hoe oom Peet Venter, nou Ds. Venter van Potgietersrust soos 'n waansinnige geslaan het. Hy het een soldaat na die ander met reguit regters letterlik die venster uitgeslaan. Twee strepe – soldaat en helmet. Ek het hom lateraan sien slaan met al twee die vuiste.

"Ek het die broer van Prof. Labuschagne, Piet Lappies, sien worstel. In die een arm sy dame, teen hom verskans, met die ander vuis het hy geslaan. Dit was ewe dodelike treffers. Hy het manmoedig geveg totdat hy sy hand afgeslaan het. Toe kry hy reg van agter die genade slag. 'n Doringkierie, regoor sy skedel."

Prof Floors du Plooy het ook baie jare later 'n lewendige beskrywing gegee van die dramatiese gebeure daardie aand. Eers vertel hy hoedat die benoude opsigter vir die altyd kalme rektor by die senaatsaal gaan waarsku het met 'n benoude "Prof. Postma, hier kom die soldate!" Salig onbewus van wat aan 't gebeur was, kry hy die opdrag terug: "Gaan vra vir hulle wat hulle wil hê"! Piet Malan, wat in 1949 sy Springbokkleure teen die besoekende All Blacks sou verwerf, het by die studentesaal alarm gemaak. "Die volgende oomblik", vertel die lang en forse slotvoorspeler van die Theos, "sien jy net klippers trek van weerskante af deur die saal, jy hoor net glasstukke spat en meubels kraak. 'n Paar soldate wat by die agterste sydeur ingebars het, het links en regs geslaan met pikstele, kieries en joos weet wat nog alles. Enkele studente het kans gekry om te ontsnap, maar die meeste is teen die verhoog vasgedruk. Daar het die massas aanhoudend gemaal en gestamp, geskreeu en gevloek en telkens het een of ander persoon neergeslaan. Die stomme klavier is bygedam en geslaan totdat net stukkies en brokkies van hom oorgebly het."







***4.2.5***

***Floors du Plooy, Piet Malan en Peet Coetzee (onder).***

Du Plooy vertel ook hoedat een student rond en bont skuiling gesoek het voordat hy koers gekry het na 'n groot ou denneboom. "Ongelukkig vir hom, toe hy in die boom opkyk, was dit reeds vol. Ten einde raad het hy in die middel van die voetbalveld gaan sit sodat hy die wêreld na alle kante toe gelyk kon dophou." [17]

Inderdaad was daar, soos dit maar dikwels gaan, ook die lag by die traan. Destydse SR-voorsitter (later prof) Peet Coetzee herinner hom enkele grappige insidente:[18]

- Op 'n stadium wou 'n soldaat vir Monica Breedt, later bekende radiopersoonlikheid, na die koshuis begelei. Sy het die uitgesteekte hand weggeklap, met 'n verontwaardige: "No, I'd rather die here".

- "Sakformaat" het gou sy kettie (voëlrekker) gaan haal en daarmee 'n soldaat gedreig dat hy sy hande in die lug moet opsteek. Dit was nadat die soldaat met 'n drom oor die kop geslaan is dat sy kop anderkant uitgesteek het!

- Prof Daantjie ("Donder") Krüger het die aand net na die aanval in groot opgewondenheid sy verskyning op die kampus gemaak. Toe hy 'n groep studente teëkom, was sy eerste gelispelde vraag: "Wath die blikthems gaan hier aan?"

- Prof HG (Henk) Stoker, op sy beurt, het van 'n dorpstudent verneem van die soldate-aanval en "nooddiens" gaan verrig: "Ek het gehoor dat 'n hele klomp gewond is en flou geraak het. Ek het met 'n bottel brandewyn die klomp gelawe ..."! [19]

Nadat rus en orde op die kampus herstel is, het die Raad se sitting begin en het die rektor meegedeel dat ongeveer 16 studente beseer en die studentesaal, slaapvertrekke in die koshuis "Spelonke" en die eetsaal van "Heimat"-koshuis "geweldig vernietig" is. 'n Kommissie is aangewys om die Raad verder van advies te bedien. [20]



*4.2.6*

*Monica Breedt... "No, I'd rather die here!"*

Op sy sitting die volgende dag het die kommissie besluit dat die eerste minister, genl Smuts, veral in sy hoedanigheid as minister van Verdediging asook die ministers van Onderwys en Justisie dadelik van die gebeure verwittig word. Ook sou samesprekinge gevoer word met die militêre owerhede en alle moontlike inligting ingewin en in verslagvorm deur die rektor aan die betrokke owerhede voorgelê word. 'n Persverklaring ter gerusstelling van ouers en familielede van die studente moes ook uitgereik word. [21]

Dat so 'n versekering nodig was, blyk duidelik uit 'n bekommerde ouer, JA Diederichs, se brief gedateer 13 Augustus, waarin hy melding maak van gerugte "dat die Troepe van plan is, om die P.U.K. inrigtings op te blaas". Hy dring aan op bewaking van studente "want dit kom my voor asof dit nie meer veilig is om Cornelia daar te laat bly nie". Die gerusstelling is egter gegee dat die PUK goed omsien na die belange en veiligheid van sy studente en dat daar weer opnuut aandag aan die saak gegee sou word. [22]

Prof Postma het, met die hulp van advokaat SB Bekker van Pretoria, die bedoelde verslag opgestel en hulle twee sou saam met prof LJ du Plessis die Raad verteenwoordig by die burgerlike verhoor wat deur die regering gereël is. [23]

Die regeringskommissie wat die gebeure moes ondersoek het bestaan uit mnre SH Elliot, Menzies Murray en prof MC Botha, eertydse sekretaris van Onderwys (later rektor van UP).

In sy verslag [24] het die Elliot-kommissie dit duidelik uitgespel dat die bestanddele vir die drama wat sy krisis op 7 Augustus bereik het, inherent in die Suid-Afrikaanse opset aanwesig was vanaf die oomblik toe die oorlog op 4 September die vorige jaar uitgebreek het. Voortspruitende uit verskille tussen politieke groeperings oor die verhouding tussen die Unie en Groot Brittanje, het die kloof met die uitbreek van die oorlog wyer geword en is die bevolking verdeel in pro-oorlog- en anti-oorlog-faksies. Omdat dit al hoe moeiliker geword het om die anti-oorlogsgesindes te onderskei van diegene met pro-Duitse sentiment, veral nadat pro-Nazi-aktiwiteite binnelands blootgelê is, het regeringsondersteuners die anti-oorlogsgesindes met die vyand geassosieer.

Die kommissie wys verder op die sterk anti-regeringsentiment in Potchefstroom, wat deur die meeste studente en sommige personeellede gedeel word. Dit was dalk ook 'n fout om 'n militêre basis juis op Potchefstroom te vestig. Die aanwesigheid van soldate op die dorp het 'n merkbare verandering in die lewenswyse op Potchefstroom tot gevolg gehad, en dit het tot wrywing met die studente gelei. Die moeilikhede in die plaaslike bioskoop en die vlag-insident by Normaal Kollege het die atmosfeer geëlektrifiseer, het diepgaande wrewel ("deep resentment") en 'n gevoel van vyandigheid jeens die studente by die soldate ontlok.

'n Derde geval van "onverantwoordelike optrede" van studentekant was hulle proteste teen die internering van 'n sekere student, sonder dat hulle hul van die feite vergewis het. (Hier word waarskynlik verwys na die internering van nagraadse student GBS Pasch. **(Kyk hoofstuk 4.3)** Maar die kommissie voeg by dat vyandiggesindheid 'n verklaring bied maar nie 'n rede gee vir die aanval wat plaasgevind het nie.


Die pers, bevind die kommissie verder, het dinge net meer beduiwel met onverantwoordelike verslaggewing oor ongegronde en onbevestigde gerugte. Daarteenoor word die owerhede van sowel die militêre as die studente geloof vir hulle verantwoordelike houding en optrede. Die vonk in die kruitvat was natuurlik die gerugte, op 7 Augustus, dat twee soldate deur studente ernstig aangerand is, en dat een as gevolg daarvan gesterf het.

Nadat die verslag die presiese gebeure tydens die aanval uitgespel het, het dit aandag gegee aan die gevolge, naamlik beserings en skade aangerig. Hierna word 'n klompie aanbevelings gedoen wat deur die hoofde van die onderskeie inrigtings ondersteun word. Afgesien van die noodsaaklikheid om te waak teen die

verspreiding van gerugte, is Tomstraat en al die strate rondom die PUK en Normaal as verbode terrein vir soldate verklaar en moes militêre wagte die roetes vanaf die kamp na die kolleges bewaak. Samewerking moet met die kolleges se outoriteite verkry word sodat die studente gemaan kon word om nie die soldate te irriteer of te tart nie; ook behoort die regering kompensasie vir skades en verliese wat gely is, gunstig te oorweeg.

Volgens die verslag is tussen 14 en 20 studente in die aanval beseer, met "superficial scalp wounds and bruises on the body". Een het 'n nag in die hospitaal deurgebring. Veertien soldate het wonde aan die hoofde en kleiner beserings opgedoen, terwyl een se oog so seergekry het dat dit verwyder moes word.

**Die lys van beserings en eise vir kompensasie deur studente en andere maak nogal interessante leesstof. Uittreksels hiervan word hiernaas gepubliseer.**


A.

List of names of students at Potchefstroom who received injuries during the attack of soldiers on the P.U.C. on 7th August, 1940.

[Ma]rtha Helena Kruger .... Cuts on the legs and right hand.
[H]endrika Scholtemeyer ... bruises on right leg.
Blanche du Toit ..... Laceration of the scalp.
Martha Helena Lessing ... Bruises on the body.
Petronella Magaretha du Preez ... Injuries to right shoulder, wrist and left knee.
Magdalena Suzana Malan ... injuries to legs.
Magaretha Wilhelmina van Schaik - bruises on the body.
Maria Elizabeth Visser .... Injuries to eye and right leg.
Aletta Magdalena Riekert - Bruises on the body.
Andries Gerhardus de Beer .... Laceration of the scalp.
Pieter Willem du Plooy - Injuries to head.
Cornelius Havinga .... Laceration of the scalp.
Petrus Johannes Venter .... Laceration of the scalp, and bruises on the arms.
Frederick Francois Deysel .... Laceration of the scalp.
Hendrik Andries Terblanche ... Injuries to arms.
Casper Wilhelmus Schutte .... Laceration of the scalp.
Jan Albert van den Berg .... Laceration behind ear.
Gerhardus Phillipus v.d. Linde ... Injuries to head and arms.
Izak David van der Walt .... Laceration of the scalp.
Jan Daniel Verwey .... Laceration of the scalp.
Pieter Willem Labuschagne ....Laceration of the scalp, fractured finger.
Thomas van Dyk .... Injuries to the body.
Schalk Carel Willem Duvenage ... Injuries to the head and body.
Floris Dirk du Plooy .... Injuries to the head.
Nicolaas Albertus v.d. Walt ... Injuries to the face.
Izak David v.d. Walt .... Injuries to the head and body.

***4.2.6***

***Lys van PUK-beseerdes* (DvO-Argief, E33/346/1)**

Die verslag van die Elliot-kommissie het 'n mate van verdeeldheid in die geledere van die PUK-Raad tot gevolg gehad. Raadslede Amm en Nel was gekant teen 'n meederheidsbesluit om eers die verslag onder lede te sirkuleer, vir bespreking tydens 'n volgende vergadering, en het gevra dat hulle teenstemme genotuleer moes word. Nel het gemeen dat die Raad gekompromitteer is met die verslag en "dat ons as Raad buite ons magte handel en verdere onnodige koste maak om weer die hele posisie te herkou". Amm se rede vir teenkanting is ook aangeteken: "Dat hy graag by die uitspraak van die rapport wil berus." [25] Toe die registrateur hierna nog 15 eksemplare by die departement aanvra, vir verspreiding onder lede van die Raad, moes hy maar net tevrede wees met 'n nee en self toesien dat raadslede kopieë daarvan kry. [26]

By die volgende vergadering is wel gewys op die "besondere eensydigheid" van die verslag "en word die pogings gelaak van die rapport om vergoeiliking te vind vir die optreding van die soldate". Tog is die saak by bespreking gelaat, soos mnre Amm en Nel se vroeëre wense was. [27]

Rektor Postma het sy aanvanklike ontsteltenis afgeskud en 'n positiewe beskouing oorgedra. Onder die opskrif "Oorlogstye en die P.U.K. vir C.H.O." het hy, in verband met die soldate aanval, in die oudstudente se jaarblad gewys hoedat daar ook tydens die Anglo-Boereoorlog en in die Eerste Wêreldoorlog aanslae teen nasionalisme as een van die twee grondpilare van die inrigting gemaak is.

Die simpatiebetuigings van die publiek en veral oudstudente na hierdie "stormaanslag" het aan die PUK 'n getuigskrif gegee dat hy hom nog op die "Pad van Suid-Afrika" bevind, het getoon "dat die P.U.K. vir C.H.O. vas- en ingewortel is in die harte van sy studente en oudstudente en geanker is in die Christelik-nasionale lewe van die Afrikaanse Volk wat voortbeweeg op die Pad van Suid-Afrika." [28]

SR-voorsitter PJ (Peet) Coetzee het in hul blad die oudstudente bedank vir hulle simpatie en die versekering gegee "dat die Boerevolk nie vir die laaghartige mokerhoue met pikstele en loodpype sal swyg en terugdeins nie!" [29]

Op die kort termyn het die soldate-aanval tog ontwrigtend ingewerk. Ondersteuners in die dorp moes aan die damestudente, wat uit vrees nie meer in die koshuis wou bly nie, huisvesting verleen. Verskeie studente het hul studies gestaak terwyl 13 verlof gekry het om die koshuise te verlaat "om rustiger te kan studeer".[30] Die jaarlikse intervarsities teen UP en UKOVS het in die slag gebly en daar is selfs oorweeg om die PUK tydelik te sluit, maar daartoe was Postma nie bereid nie en is hy sterk deur die studentemondstuk

*Die Besembos* ondersteun: "Ons gaan vasberade voort met ons werk." [31]

En, les bes, die PUK se eis om skadevergoeding is deur die regering uitbetaal. [32] Uit dokumentasie van die departement van Onderwys betreffende die uitbetaling van die eis blyk onder andere dat summiere uitbetaling van die PUK se eis inderwaarheid deur eerste minister JC Smuts self gelas is. En hoewel daar tog oor sekere eise gekibbel kon word, en in baie gevalle eers bewys van werklike skade aangevra kon word, is dit tog wyser geag om maar uit te betaal en goeie verhoudinge te bewaar – veral gesien die feit dat daar werklik verbetering in gesindhede te bespeur was.

Maar aan een eis kon die departement nie vat kry nie: dié "vir pyn en lyding" van sewe studente, wat £247.10.0 beloop het. Daar die doktersrekening vir die behandeling van beserings nie eens £15 beloop nie, is die eise as "absurd" beskryf en kon dit nie ernstig opgevat word nie: "The Department accordingly recommends their rejection out of hand. It is not thought the College authorities will press them." [33]

## 4.2.4 Internerings en hofsake

Die omvang en intensiteit van die verset teen deelname aan die oorlog het die regering genoop om kragtens noodmaatreëls voorkomend op te tree en persone wat skuldig of bloot net onder verdenking was van ondermynende bedrywighede, tydelik uit die samelewing te verwyder. Verskeie PUK-persoonlikhede sou tydens die verloop van die oorlog figureer in versetbewegings, versetspraak en versetgeskrifte wat meestal binne maar by tye tog ook buite die parameters wat deur die regering se noodmaatreëls uitgespel is, sou val.

Op Woensdag 26 Maart 1941 is die PUK-gemeenskap geskok deur 'n klein maar tog baie prominente voorbladberiggie in *Die Transvaler* dat **FJ Labuschagne**, hoogleraar in Afrikaans, op aanklag van hoogverraad gearresteer is.

Oor sy inhegtenisneming vertel prof Lappies só, aan die hand van sy tronkdagboek: "Dit was Dinsdag, 25 Maart 1941, net toe ek uit my klas (Fonetiek, B.A. III) kom, dat hoofkonstabel Griessel, konstabel Viljoen en hulle bestuurder, Eksteen, my op die stoep van die Hoofgebou nader. Griessel sê my dat hulle my wil spreek. Daarvoor wou ek hulle eers in die Senaatsaal neem, maar terwyl ek tog huis toe wil gaan, het ek voorgestel dat hulle my daar gaan spreek.

"Hulle het ingewillig, is per motor weg en ek het per fiets agternagekom. Hulle het verkeerdelik by prof Joon van Rooy se huis gewag. Ek het verby gery en hulle het kort op my hakke gevolg. By die huis aangekom het ek hulle in my studeerkamer ingenooi en laat sit. Griessel het my toe meegedeel dat hulle 'n lasbrief het vir my arrestasie en die blou lasbrief aan my oorhandig." [34]

Later is hy en Ben Schutte, mede-aangeklaagde en 'n latere professor aan die PUK, onder geleide na magistraat Van der Walt ("ons vriend Heppie") geneem, waar hulle formeel aangekla is en hul vriend "las gegee het vir ons opsluiting in die plaaslike tronk". Die klag teen Labuschagne en andere was dat hulle tydens 'n reeks vergaderings saamgesweer het om, as deel van OB-strategie, al die militêre kampe in die land op 'n gegewe oomblik oor te neem en kraglyne te saboteer.[35] Magistraat "Happy" van der Walt was natuurlik een van die drie studente van die Teologiese Skool wat in 1915 geweier het om die wapen op te neem en toe in Upington gevange gehou is. **(kyk hoofstuk 1.6)**

Rektor Postma het sterk daarop aangedring dat Labuschagne om borgtog aansoek moes doen. In die tronk is hy besoek deur kollegas AJH van der Walt, G Dekker, DCS du Preez en die pas aangestelde organiseerder, mnr Harry van Rooy, terwyl hy ook nog eksamenvraestelle en 'n MA-verhandeling ontvang het,



WOENSDAG 26 MAART 1941

Prins Paul, regent van Suid-Slawië en prinses Olga.

BEPALINGS VAN

**Dosente In Hegtenis**

***AANKLAG VAN HOOGVERRAAD***


*(Van ons Beriggewer)*


*POTCHEFSTROOM, Dinsdag.* PROF. F. J. LABUSCHAGNE, *hoogleraar in Taalkunde aan die Potchefstroomse Universiteitskollege vir C.H.O., en mnr. B. J. Schutte, van die personeel van die Hoër-Gimnasiumskool, is vanmôre in hegtenis geneem en het kort daarna voor die magistraat verskyn op aanklag van hoogverraad. Geen getuienis is afgeneem nie en die saak is onmiddellik verdaag tot 1 April. Geen borgtog is toegestaan nie en albei beskuldigdes vertoef tans in die plaaslike tronk.*

*Prof. Labuschagne is tuis in hegtenis geneem en mnr. Schutte terwyl hy besig was om les te gee. Hulle het agter geslote deure voor mnr. H. J. van der Walt verskyn. Die staatsaanklaer is mnr. W. J.*

***4.2.6***

***Dié berig het die Bult geskud ...***





***4.2.6***

***Prof Lappies en sy twee medebeskuldigdes Hendrik Steyn (links) en Ben Schutte net na hulle vrylating. Dit was 'n effens ongemaklike situasie toe ou vriend "Happy" van der Walt (bo, saam met Joon van Rooy op 'n jagtog) Labuschagne-hulle se saak as landros moes hanteer.***

om na te sien.[36] Die kort en bonkige, eerbiedwaardige professor is vir ses weke in die plaaslike gevangenis aangehou en toe op borgtog vrygelaat.

Middel-Mei 1941 het rektor Postma aan die komitee vir Interne Beheer verduidelik dat hy nie kans gesien het om Labuschagne se salaris vir April te laat uitbetaal nie "op grond van die feit dat hy as gevolg van arrestasie op 'n aanklag van Hoogverraad afwesig was uit diens". Dit was skynbaar 'n fout want nadat raadslid Nel, as prokureur, geadviseer het, is eenparig besluit om die salaris te laat uitbetaal. Kennis is ook geneem dat Labuschagne pas op borgtog vrygelaat is en dat prof Dekker van sy klasse gebruik het vir sy eie werk.[37]

Die hofsaak, te Pretoria, was vol drama, met Labuschagne wat sterk standpunt ingeneem het oor die aanvanklike miskenning van Afrikaans tydens die verhoor. Vier polisiemanne het verder opspraak verwek toe hulle geweier het om getuienis af te lê.[38] Vyf maande na inhegtenisneming, op 20 Augustus, is hy in 'n spesiale hof in Pretoria onskuldig bevind. "Oor hierdie uitspraak", rapporteer Postma, "was en is daar groot blydskap", veral omdat Labuschagne nou weer sy werksaamhede "in lig en nie meer onder 'n donker wolk nie", kon voortsit.[39]

By sy terugkeer in Potchefstroom is Labuschagne en sy twee vriende, wat ook vrygelaat is, geesdriftig buite die dorp deur 'n skare vriende en OB-lede verwelkom. 'n Regeringsamptenaar het kort hierna teenoor 'n gholfmaat, prof AP Goossens, opgemerk: "Ons volg Lappies se spore. Op die geringste aanleiding wat hy ons gee, gaan hy interneringskamp toe."[40]

Gelukkig vir hom – en vir sy studente – het Lappies nie in 'n strik getrap nie. 'n Ander dosent was nie só gelukkig nie …

Met 'n inleidende woord dat oorlogsomstandighede altyd buitengewoon is en onvoorsiene gebeurtenisse dus verwag kan word, meld rektor Postma in sy jaaroorsig vir 1942 dat dosent **LJ (Louis) le Roux**, senior lektor in Skeikunde, op aanklag van hoogverraad aangehou word.[41] Reeds by sy diensaanvaarding by die PUK in 1939 het daar 'n rokie getrek … Na 'n tyd van studie aan die Universiteit van Oxford, het Le Roux by sy aankoms in Kaapstad vroeg in 1939 vertel hoedat hy weens agterdog dat hy 'n Duitse spioen kon wees, deur die Nederlandse polisie in Rotterdam aangehou is. Hy het 'n foto van die destyds bekende maar fel omstrede Nasionaal-Sosialisties geïnspireerde boksheld, Robey Leibbrandt, in sy besit gehad. Le Roux en Leibbrandt het as kinders op Potchefstroom bevriend geraak en tydens Le Roux se studies in Engeland in 1938 het hy en Leibbrandt weer ontmoet en vir 'n maand lank saam in 'n Londense losieshuis gewoon.[42] Van Nederland se kant is aangevoer dat Le Roux aangehou is omdat hy op 'n bewegende trein, waarin die Hollandse vorstin was, wou spring en dat daar "geen onheuse bejeëning" van die kant van die Hollandse polisie was nie.[43]

In Desember 1941 word Le Roux in hegtenis geneem, aangehou en verskyn hy later saam met Leibbrandt en 14 ander op aanklag van hoogverraad in die hof. Sy naam is verbind aan Leibbrandt se byna fanatiese

# LEIBBRNDT APPELEER TEEN DOODVONNIS

## ANDER POTCHEFSTROMER KRY VYF JAAR

**SIDNEY ROBEY LEIBBRANDT IS DEUR 'N SPESIALE STRAFHOF IN PRETORIA ONDER REGTER SCHREINER EN TWEE ASSESSORE SKULDIG BEVIND VAN HOOGVERRAAD EN TOT DIE DOOD VEROORDEEL.**

**VAN DIE ANDER SES MANNE WAT SAAM MET LEIBBRANDT AANGEKLA WAS, IS TWEE SKULDIG BEVIND VAN HOOGVERRAAD — LODEWIKUS JACOBUS LE ROUX EN FRANS JOSEPH OLWAGEN—EN TOT VYF JAAR GEVANGENISSTRAF VEROORDEEL. DIE ANDER VIER—HENDRIK VAN CITTERT, FRANS MAARTENS JOHAN VAN DER WALT, ADRIAAN JOHANNES STADLER EN ERNST HENDRIK ANNANDALE—IS ONSKULDIG BEVIND EN ONTSLAAN.**

Die verhoor en voorlopige verhoor het ses maande en 'n half geduur. Toestemming tot appel op ses geregspunte is toegestaan.

In 'n gespanne, dramatiese atmosfeer het Leibbrandt sy lot aangehoor.

dat Van Cittert en Stadler die eed onderteken het nie.

Die eed was getitel: "Nasionaal-sosialistiese Rebelle." Ons sal die gunstige betekenis aan die woord gee en aanneem dat dit 'n organisasie van

(VERVOLG VAN VORIGE KOLOM)

wat betref die rede waarom hy die eed onderteken het.

Die Regter vind dat Le Roux geweet het dat Leibbrandt in 'n Duitse duikboot uit Duitsland gekom het met die medewete van die Duitse regering. Hy het geweet dat Leibbrandt geweldig vyandiggesind was teen die huidige Regering in Suid-Afrika en aangedring het op dade. Hy het geweet dat Leibbrandt besig was om 'n organisasie te vorm wat moes optree op 'n tydstip wat deur Leibbrandt sou bepaal word.

Die hof twyfel nie daaraan dat hy geweet het waarvoor Leibbrandt die radio wou gebruik toe hy dit aan hom gegee het nie. Die enigste redelike gevolgtrekking is dat Le Roux geweet het dat Leibbrandt met Duitsland in verbinding wou tree.

Die hof is nie van mening dat dit bewys is dat Le Roux getrag het om met Duitsland in verbinding te tree of dat hy kennis gedra het van enige voorneme om bomme te gebruik het of om enige ander dade van sabotasie te pleeg nie. Die saak teen hom is beperk tot die eerste openlike daad in die aanklag genoem, n.l. sameswering. Daar is voldoende dubbele bewyse van vyandelike bedoelings benewens die bewys wat gelewer is deur die ondertekening van die eed.



*4.2.*

***Louis le Roux (links) het in 1948 'n pos aan die Universiteit van Pretoria aanvaar, waar hy in 1952 departementshoof geword en in 1954 tot professor bevorder is. In 1959 is hy as hoofchemikus by die Raad op Atoomkrag aangestel. Le Roux was ook bedrywig in militêre kringe, onder meer as bevelvoerder van die Eerste Observasieregiment Sa Artillerie BM, en was later op deeltydse grondslag verbonde aan die departement Openbare Betrekkinge van die PUK.***



**4.2.6**

***Le Roux, na sy aftrede, hier afgeneem saam met sy opvolger in die Skeikunde-departement, prof JA (Jan) van der Berg. Van der Berg onthou hom as 'n uiters knap wetenskaplike.***

strewe en planne om die destydse regering met Duitse hulp omver te werp. Dit blyk dat Leibbrandt, na sy geheimsinnige terugkeer na Suid-Afrika en terwyl hy voortvlugtend vir die polisie was, geheime ontmoetings met Le Roux gereël en hom skynbaar versoek het om studente as lede van sy weerstandsbeweging te werf. Met sy skeikundige agtergrond sou Le Roux ook behulpsaam kon wees by die praktiese uitvoering van

sabotasiedade.[44] Hy is dan ook in die hof gekruisvra oor sekere elektriese artikels in sy kantoor by die universiteit, maar het getuig dat hy dit vir eksperimente met die studente gebruik.[45]

Waar Leibbrandt die doodstraf vir sy gewelddadige verset gekry het, is le Roux op aanklag van sameswering tot hoogverraad tot vyf jaar gevangenisstraf veroordeel. Hoewel le Roux ook die Leibbrandt-eed onderteken het, wat die omverwerping van die regering en die omskepping van Suid-Afrika in 'n nasionaal-sosialistiese staat beoog het,[46] het hy gepleit dat hy nie die volle implikasies daarvan besef het nie, dat dit net van tydelike aard was totdat Leibbrandt en dr Hans van Rensburg mekaar sou vind.[47] Hoewel hy teen die vonnis geappelleer het, het hy tog sy bedanking by die PUK ingedien. 'n Brief "van bemoediging en van dank en waardering vir sy gelewerde dienste" is deur die Raad aan hom gerig.[48]

Postma het die seerste spyt van die Raad en Senaat uitgespreek oor die verlies van le Roux se bekwame dienste en daartoe bygevoeg: "Vir wat hy gedoen het, kom hom ons hartlike dank toe, en die wens word uitgespreek dat hy binne nie alte lange tyd weer 'vry en bly' dienswerk vir die gemeenskap sal kan lewer. Intussen word sterkte en krag hom toegebid."[49] Die minister van Onderwys, JH Hofmeyr, het gefrons toe hy hierdie paragraaf lees in die jaarlikse rapport wat aan hom voorgelê is en daar is gevolglik amptelik by Postma navraag gedoen oor die bedoeling daarvan. Skynbaar het Hofmeyr 'n sinistere betekenis ingelees in die term "vir wat hy gedoen het".

Postma het verduidelik en gerus gestel: "Met die wetenskap van wat ek daarmee bedoel het, kan ek eerlik sê dat ek niks daarin vind wat tot nadeel van die staat uitgelê kan word nie."[50] Postma het hom later ook persoonlik daaroor gespreek.[51]

Hofmeyr was nie tevrede nie. Hy het nie probleme met hoe Postma en kollegas oor le Roux voel nie, maar die publikasie daarvan in 'n jaarboek "kan alleen die indruk verwek dat, waar mnr Le Roux hom skuldig gemaak het aan 'n uiters ernstige oortreding teenoor die Staat, een van die offisiële liggame van 'n inrigting wat in noue verband met die Staat staan dit goedgedink het om simpatie met hom uit te spreek, sonder om enigsins aan te dui dat dit sy gedrag as laakbaar beskou, en daardie simpatie dan wêreldkundig te maak. So 'n optrede beskou ek as baie onwenslik." Hofmeyr het die teks van hierdie brief aan Postma ter kennisname na sy sekretaris deurgegee, met 'n nota dat hy die oorspronklike aan Postma oorhandig het, dat laasgenoemde "sy spyt uitgespreek het oor die voorval en die versekering gegee het dat hy dit nie so bedoel het nie – wat ek dan aanvaar het".[52]

In Desember 1942 word die briljante akademikus **HG Stoker** gevange geneem en na die interneringskamp te Koffiefontein in die Suidwes-Vrystaat verwyder. In die Senaat het die rektor sy leedwese hieroor uitgespreek en sou daar ook volgehoue pogings aangewend word om Stoker se vrylating te bewerkstellig.[53]

In sy latere herinneringe het Stoker onthul dat hy pas na die soldate-aanval op die PUK in Augustus 1940 deur prof AJH van der Walt, self 'n generaal in die OB, genader is om as kommandant beheer oor die studente te neem en wel vanweë sy Christelik-nasionale Calvinistiese oortuiging. Nege maande later is hy geïnterneer, op grond van twee vals beskuldigings dat hy 'n hoë posisie in die Stormjaers beklee en artikels vir 'n Gryshemp-tydskrif geskryf het. Ook is gesê dat hy radikaal anti-Brits en radikaal pro-Duits was (volgens homself was hy net pro-Afrikaans en pro-republiek), en 'n Nasionaal-Sosialis (na aanleiding van sy boek, *Die stryd om die Ordes*)

Oor die omstandighede en werklike redes vir sy internering het hierdie vermaarde wetenskaplike van die PUK later só vertel: "In Potchefstroom het die Raad van die PUK ons vrye spraak gegun. Ons kon openlik die republikeinse ideale verkondig as ons wou. Nou het ek self die laaste twee gevalle met Krugerdag en Dingaansdag die feeste toegespreek, en ek het daar heelhartig vir ons republikeinse ideale uitgekom. By die laaste twee gevalle … was daar twee speurders by wat afgeneem het wat ek gesê het. Met ander woorde, ek het my daaraan skuldig gemaak om propaganda teen die oorlog te maak … 'n Tweede ding was *Die stryd om die ordes*. My liewe ou kollegas op Wits-Universiteit het daardie boek geweldig gekritiseer. Een wat die boek gekritiseer het, maar 'n goeie vriend, was prof. Hoernlé die filosoof daar. Maar daar was ander wat baie kwaai was, en hulle het briewe aan die owerheid geskrywe: "Die boek moet onmiddellik verban word", en so meer. Toe het die boek onder die regering se aandag gekom en by die interneringsowerheid het die boek *Die stryd om die ordes* 'n belangrike rol gespeel."


'n Derde werklike rede vir sy internering was 'n telefoniese gesprek, deur die polisie afgeluister, waarin opmerkings oor die stryd tussen die OB en die Nasionale Party van regeringskant as militêre ondermyning opgevat is. En vierdens, is hy deur 'n huisvriend en in persoonlike briewe by die regering aangekla dat hy pro-Duits was, onder meer omdat hy na uitsendings van die Duitse omroep Zeesen geluister het.

Stoker vertel verder: "Toe kom die interneringshoofde voor hierdie probleem te staan: Ons moet uit Potchefstroom iemand interneer … Die Universiteitsraad van Potchefstroom is, volgens hulle, veels te vry met die toelating om nasionale toesprake



*4.2.11*

*Op parool, in geselsap van Totius, op Maarten Schoeman se plaas.*



*4.2.12*

*Die interneringskamp op Koffiefontein.*

Gedurende die jare 1941 en 1942 was hy agtereenvolgens Kommandant en waarnemende Hoofkommandant van die Ossewa Brandwag. Op 21 Desember 1942 het hierdie filosoof kennis gemaak met die gereg, en is hy gearresteer met die oog op internering. Die volgende dag toe die swaar ysterhek agter hom toegesluit word in die Interneringskamp van Koffiefontein, het die filosoof van Potchefstroom as gevangene Nommer K. 2231/42 die nuwe staat binnegestap, om sy klere te verwissel vir blougekleurde kampmondering, kort broek, blou hemp en velskoene. Sy salaris voortaan een sjieling per diem. Hy was al heel spoedig 'n entoesiastiese sokkerspeler en skaakspeler en het die kort rus wel deeglik geniet. In dieselfde akademiese drag van Koffiefontein het hy vanaf Februarie 1943 as rektor van die Koffiefonteinse Universiteit glasse gegee in sielkunde, wysbegeerte en sosiologie. In sy kolleges was soms tot meer as 100 studente met skoolkwalifikasies vanaf standerd VI tot akademiese doktore—'n gemengde maar „Begeisterde" gehoor. Dr. Stoker het verder stigtelike toesprake gehou voor die gemeente, oor die grondbeginsels van Calvinisme, predestinasie, evolusie ens. en lesings gegee voor O.B.-studielaers. Hy was ook Ere-voorsitter van die Calvinistiese Studiekring in die kamp en het ook daar lesings oor allerlei aktuele onderwerpe gehou. Hy het ook fluks gehelp sing in die koor onder leiding van Stephen Syssen en Koert van der Walt e.a. en was altyd te vinde vir poetse bak en kampskerts.

*4.2.12*


*EJG Norval, in Besembos 10, p32*

te hou … Uit Potchefstroom moet één geïnterneer word … Uit elke distrik een of twee om daardie distrik bietjie te intimideer …" Die opsigtelike twee "kandidate" vir internering was hy en prof Labuschagne (Lappies), maar omdat laasgenoemde kort tevore deur die hof op 'n hoogverraadklag vrygespreek is, "toe kies hulle vir my". [54]

Op 29 September 1943 lig Postma die Senaat in dat die minister van Justisie te kenne gegee het dat Stoker waarskynlik weer sy dienste aan die begin van 1944 sou kon hervat. Kort hierna is Stoker op plaasparool vrygelaat en word 'n brief van dank aan die PUK vir "tegemoetkominge aan hom en sy gesin gedurende die tydperk van sy onvryheid" aan die Raad voorgelees. Hy het ook die rektor en prof JD du Toit in die besonder bedank vir hulle hulp. [55]

Op die dramatiese aand van die soldate-aanval op die PUK, op 7 Augustus 1940, moes rektor Postma nie alleen mederaadslede inlig oor die pas vooorafgaande dramatiese gebeure nie, maar het hy ook mededelinge gedoen insake die internering van nagraadse student **GBS Pasch** en pogings om sy vrylating te bewerkstellig. [56]

Pas die vorige dag het Postma naamlik die saak skriftelik met dr Colin Steyn, minister van Justisie, opgeneem. Uit hierdie brief blyk dit dat hy reeds op 4 of 5 Julie Pretoria besoek en sowel vir Steyn as ou onderwysvriend JH Hofmeyr, minister van Finansies, oor Pasch se internering gaan spreek het. Op 30 Julie het Postma spesifiek hieroor weer besoek gebring aan



*4.2.13*

***In sy eerste termyn as student (1933-1937) was Pasch aie gewild en veesydig en het hy as studenteleeir sy merk gemaak. Hy was ook 'n uitstaande rugbyspeler en is bestempel as een van die beste voorspelers in Wes-Transvaal.***

Pretoria, maar sowel Steyn as kolonel Truter*, wat in beheer van die internerings was, was nie beskikbaar nie en die saak is met 'n ander amptenaar bespreek. (* Die spelling in die brief, "Truta", was kennelik 'n doelbewuste draakstekery!)


In die tussentyd het professor AJH van der Walt in 'n brief aan Postma aangedui dat die MA-studie van Pasch, "een van die mees belowende studente van die laaste paar jaar in die Departement Geskiedenis", ernstig aan bande gelê word deur sy internering. [57]

Postma versoek Steyn weer "baie ernstig en dringend", as dit hom dalk ontgaan het, om sy welwillende aandag aan Pasch se saak te gee: "My is te verstaan gegee dat hy geïnterneer is oor gebeurtenisse in Nylstroom waar hy onderwyser was en nie oor iets wat hy hier as student gedoen of gesê het nie ... Ek kan natuurlik nie beoordeel of hy skuldig of onskuldig is nie. Gestel dat hy hom skuldig gemaak het dan sou in hierdie geval die internering van hom vir amper twee maande m.i. straf genoeg wees."

Postma pleit voort, met die nodige diplomasie: sedert inskrywing vir die MA-studie aan die begin van die tweede kwartaal het Pasch hom "in alles behoorlik en rustig" gedra, "en ek hou my daarvan oortuig dat u verkies om genade te betoon teenoor jeugonbesonnenheid, indien daar bewyse vir so 'n optrede is, liewer as om die strengste vorm van straf toe te pas."

Postma het, met 'n kopie van sy brief aan Steyn aangeheg, ook 'n beroep op minister JH Hofmeyr gedoen om te help "om Pasch weer aan my sorg toe te vertrou". Hy kan nie verantwoordelikheid vir alle moontlike dade aanvaar nie, maar "is oortuig dat aan die jonge man so 'n gevoelige slag toegedien is, dat hy in die toekoms dubbel versigtig sal wees, as hy hom inderdaad te buite gegaan het". [58]

Hofmeyr het beleefd laat weet dat hy die saak na minister Harry Lawrence (Binnelandse Sake) verwys, onder wie internerings voortaan sou ressorteer, maar klinies korrek bygevoeg: "Ek kan hom natuurlik alleen vra om persoonlik sy aandag aan die saak te gee en dit op sy meriete te behandel." [59]




*4.2.13*

***Pasch se ervaringe in Leeukop en sy ontsnapping word deur hom beskryf in "Agter tralies en doringdraad" (BOPG).***

Maar dit was alles tevergeefs. Minister Lawrence se kantoor het met spyt meegedeel dat Pasch se vrylating nie op die tydstip oorweeg kon word nie en Lawrence se advies was dat hy van sy reg gebruik maak om te appelleer. [60]

Maar Rabbo Pasch was van 'n ander stoffasie gemaak en toe die kampowerheid by Leeukop hulle oë uitvee, was die groot en forsgeboude man skoonveld weg. Hy het doodeenvoudig net ontsnap!

Wat wás Pasch se storie, dan? Waarom is hy geïnterneer?

Iemand wat intieme kennis dra van Pasch se omstandighede destyds vertel dat die redes vir sy internering later en eers na 'n groot gesukkel uit die owerhede uitgewring is, naamlik dat hy 'n kommandant van die OB was, dat hy die landdros op sy dorp nie gegroet het nie, dat hy nie opgestaan het as "God Save the King" gespeel is nie en 'n vierde "nietige, absoluut nikswerd klag" – wat die betrokke informant ongelukkig ontgaan het. [61]

'n Destydse speurder in die Politieke Afdeling, wat gelyktydig lojaliteite jeens die OB en die Stormjaers gehad het, vertel hoedat hy opdrag gekry het "om die gedrag van 'n sekere onderwyser Pasch", 'n oud-student van Potchefstroom, op Nylstroom te gaan ondersoek. Onder meer het hy daar 'n onderhoud gevoer met 'n oud-Sap-onderwyser, wat baie griewe gehad het en uiters gefrustreerd was omdat hy nie 'n prinsipaalspos gekry het nie, "maar hy het dit vreeslik teen hierdie Pasch gehad" en 'n verklaring teen hom gemaak. Dié speurder het blykbaar tydens die opneem van sy herinneringe in die sewentigerjare 'n kopie van sy verslag, in Engels opgestel, aan die OB-Argief oorhandig. Ongelukkig kon hierdie waardevolle bron nie tydens die studie vir hierdie werk opgespoor word nie. [62]

Hoe ook al, Pasch is in Junie 1940 in hegtenis geneem en kragtens die spesiale oorlogsmaatreëls van destyds in die Leeukop gevangenis geïnterneer. Toe die pogings om hom op vrye voet te kry, nie vrugte afwerp nie, het hy self tot aksie oorgegaan. "Die spanning na vryheid het bly oplaai", beskryf Pasch later sy emosies hier in Leeukop, veral na gelang waaghalsige ontsnappingspogings met sukses uitgevoer is. 'n Eerste poging, om tussen die breë blokbalke agter die noodwiel in die onderstel van 'n vragmotor die kamp uit te ry, het byna noodlottig geëindig. Toe die vragmotor nie op die bestemde tyd ry nie, het hy sy skuilplek verlaat; toe dit wel later die kamp uitry, is dit – ook sy skuilplek – met bajonetsteke deursoek!

Die begeerte na vryheid het bly brand, veral toe sy appèl teen gevangeneming misluk het. "Ek sou nie bly nie! Vir niks ter wêreld nie!" Na buite is dag en datum gereël. Dié dag het die reëns "vaal uitgesak" en hy het al langs die draad van die wandelkamp "soos 'n buffelsbul op- en afgestap". Nie te lank nie of hy was onder deur die draad, ongetwyfeld bevoordeel deur simpatiekgesinde wagte wat ander pad gekyk het.

Die sage van Pasch se ontsnapping en sy wedervaringe as voortvlugtende sal sekerlik 'n plek vind onder die uitsoeksages in die geskiedenis van die PUK. Na ongeveer vier jaar het hy, onder druk van persoonlike omstandighede en daartoe oorreed deur vriende wat op owerheidsvlak hieroor onderhandel het, homself gaan oorgee en is hy kort daarna op parool vrygelaat. In 1945 het hy weer sy studies aan die PUK voortgesit en sou sy legendariese status verder gestalte kry.

Onder oudstudente wat weens hul politieke sentimente agter tralies en doringdraad beland het, tel predikante JJ Fick en DCS van der Merwe asook JH Robbertse en MP van Rooy; laasgenoemde twee synde na 'n tyd ontslaan en onder plaasarres "êrens in Transvaal" geplaas. [63]

Met die oorlog in Europa agter die rug en toestande stadig maar seker besig om weer na normaal terug te keer, word senior lektor in Maatskaplike Werk, **JH (Hennie) Coetzee** op 31 Oktober 1945 deur die polisie in hegtenis geneem, [64] as verdagte medepligtige in 'n opspraakwekkende rooftog by die Modderfonteinmyn in 1943. Een van die medepligtiges, die motorbestuurder, het sy mond na twee jaar in die kroeg verby gepraat. In die hof het drie medepligtiges vir die staat getuig. [65]

Soos in die geval van Pasch, was Coetzee ten tye van die beweerde misdaad nie aan die PUK verbonde nie maar wel in diens van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK). As student aan die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat was hy in die laat dertigerjare intens betrokke by die ANS. Aan die Witwatersrand het hy by verskeie Afrikaneraksies betrokke geraak en onder meer as leier van 'n Stormjaergroep aan die Rand opgetree. In hierdie



***4.2.13***

***JH Coetzee... hy en sy vriende se "Robin Hood" avontuur het byna sleg geboemerang.***

hoedanigheid was hy betrokke by die reëlings vir die Modderfontein-rooftog, as 'n soort "Robin Hood"-avontuur om geld vir die families van voortvlugtende of geïnterneerde OB's te verkry.

Deur bemiddeling van prof JC van Rooy, van FAK- en Broederbondfaam, is Coetzee aan die begin van 1944 as senior lektor in Maatskaplike Werk en Sosiologie aan die PUK aangestel. Hier het hy 'n groot rol gespeel in die heropbou van die Stormjaerbeweging in Wes-Transvaal en ook onder die studente te Potchefstroom.

En toe, laat in Oktober 1945, lees Coetzee in 'n Sondagkoerant dat die polisie weer aan die Modderfontein-saak roer. "Toe wis ek ek moet my maar klaarmaak vir die krisis … Toe moes ek maar my vrou in my vertroue neem en vir haar sê wat die posisie was … Die eksamen was al verby; ek moes nog die aand eers vraestelle nasien, onthou ek … Ek meen ons het net klaar geëet gehad, toe daar 'n klop aan die deur was … Dit was luitenant Hugo van die Johannesburgse speurdiens, 'n man wat ons baie goed geken het. Ons was saam in die kerkraad in Johannesburg-Suid … hy het my kom haal in verband met ondervraging. Ek het toe maar reëlings getref dat iemand die nag by my huis moes kom bly … en ek is toe saam met die speurders."

Coetzee is vir enkele dae in 'n sel te Marshallplein aangehou en ondervra voordat hy formeel aangekla en na die Johannesburgse Fort oorgeplaas is. Die klagstaat teen Coetzee en sewe ander verwys na diefstal van 'n motor, huisbraak met opset om 'n motor te steel en diefstal van die bedrag van £22 000 van African Explosives and Industries Limited, in Augustus en September 1943. [66]

In 'n briefie van vriend en kollega Hertzog Venter word die gebeure pittig raakgevat: "Dit sal more reeds 14 dae wees dat jy so doodluiters hier verdwyn het ..."! Na ses weke skryf Coetzee aan "Ounooi en Boetman" (oudste seun "Poen") oor die omstandighede: "So met lees en skryf en getuienis agtermekaar kry, slaap, grappe maak, koffiedrink en skaakspel kry 'n mens baie gou die vier-en-twintig uur om." [67]

Hierbenewens het Coetzee sy Sosiologievraestelle in die tronk nagesien en ook in die geheim en met potlood 'n redelik lywige verslag opgestel, getiteld "Getuienis bedoel vir die Kommissie van Ondersoek i.s. Gevangeniswese e.a. verwante aangeleenthede". Die 11 getikte bladsye van die verslag bevat uitvoerige besonderhede oor die toestand waaronder Coetzee aangehou is, met pertinente voorstelle ter verbetering.

Die memorandum is gedateer Desember 1945 en afkomstig van (prisonier) nr 32869, synde "J.H. Coetzee, M.A. (Senior Lektor in Sosiale Patalogie en Maatskap(like) Werk, P.U.K. vir C.H.O., Potchefstroom.)" Dit is uit die tronk gesmokkel en volgens 'n nota van Coetzee in die amptelike verslag van die Kommissie opgeneem. [68]

Ingevolge 'n ooreenkoms met die staatsaanklaer het vier van die betrokkenes skuldig gepleit en is die ander drie, waaronder Coetzee, tydens die verhoor op 19 Desember vrygespreek. Tot vreugde van rektor Postma en kollegas, het Hennie Coetzee aan die begin van 1946 sy pligte hervat. [69]

### 4.2.5 Johannes van der Walt

Die tragiese omstandighede rondom die dood van die bobaasstoeier Johannes van der Walt in 1942 het op 'n besondere manier op die PUK gereflekteer.

Van der Walt het in die vroeë en middel-dertigerjare skouspelagtige opgang gemaak as stoeier en het aanvanklik as "Die Gemaskerde Wonder" maar sedert November 1935 onder sy eie naam groot roem verwerf. Epiese gevegte teen destydse wêreldkampioen Jim Londos is in goue letters in die stoei-annale van Suid-Afrika opgeteken, soos ook sy vertonings op 'n uitgebreide oorsese toer en 'n aantal tuisgevegte hierna, waartydens hy onder meer die Britse Rykstitel verower het.

Die besondere omstandighede waaronder hy die lewe gelaat het en die uitwerking wat dit op die PUK gehad het, word in afdeling 5.1.2.6 van nader beskou.

### 4.2.6 Naamlose briewe

'n Newe-effek van die bitterheid wat oorlogsomstandighede ontketen het, was dat rektor Postma die skyf geword het van kwetsende beskuldigings in naamlose briewe. Een hiervan, gedateer 31 Desember 1943 vanaf Witbank, verwys na "professortjies en digtertjies" wat "heeldag tot vervelens toe praat oor Afrikaanse geestesgoedere soos onlangs weer te Bloemfontein". Dieselfde skrywer (handskrifontleding) skryf op 25 April 1945 as "Offisier, Unie Verd. Mag" vanaf Voortrekkerhoogte en herinner Postma aan "wat u in die verlede gesê het".

In albei briewe word 'n breë Suid-Afrikanerskap hoog opgegee teenoor enge Afrikanerbelange. In die laaste een word 'n felle tirade gevoer teen Nazi-Duitsland en die lof van Rusland in gloeiende taal besing; ook die Engelse word lof toegeswaai vir hul menslike behandeling van die Boere in die konsentrasiekampe, teenoor die Nazi's se wreedhede. Die naam van prof LJ du Plessis word saam met die van OB-leier Hans

van Rensburg genoem "en 'n hele boel misleide en verleide volgelinge van 'n Diktator en 'n magstaat en nasionaalsosialisme, en dit nogal onder die dekmantel van 'Christelik' en 'Kalvinisties' ..." [72]

Prof Postma het die saak by die polisie aangegee en gevra of hulle die briefskrywer kon opspoor, aangesien hy graag met die persoon op Potchefstroom 'n onderhoud sou wil voer. Omdat die briewe egter geen kriminele misdaad aantoon nie, kon die polisie nie optree nie. [73] Dit was ook die einde van dié storie.

### 4.2.7 Ander oorlogsaangeleenthede

Verskeie ander aangeleenthede rakende die oorlog het van tyd tot tyd die aandag van die PUK-owerhede geverg.

In 1940 het minister Hofmeyr eers met die Engelstalige universiteite en later met die Afrikaanse inrigtings geskakel om te verneem of daar van die personeel was wat gretig was om aan die oorlog deel te neem of om in een of ander spesiale hoedanigheid wou dien. Indien wel, sou spesiale reëlings dienaangaande getref kon word. [74]

UKOVS se senaatsvoorsitter SP Barnard het die minister voorsien van slegs die name van lede van die personeel "wat aan ons kant staan", terwyl US-rektor Wilcocks drie name deurgegee het van personeel wat vir militêre diens aangemeld het. Vanaf UP het 'n hele paar dosente op een of ander wyse betrokke geraak, maar rektor Schmidt het die minister openhartig meegedeel "dat die meerderheid van die dosente nie vrywillig hul dienste sou wil aanbied nie".

En die PUK dan?

Net 'n kort, kwarto-briefie in handskrif vanaf Postma, om minister Hofmeyr in te lig "dat tot sover niemand aan my sodanige begeerte bekend gemaak het nie". Sodra iemand egter aanmeld, sal hy die inligting deurgee. [75] In Januarie 1942 het mnr A Lennox-Short, lektor in Engels, hom vir aktiewe diens by die weermag aangemeld en het hy vir dié doel die nodige verlof van die Raad ontvang. Die reëling was dat sodanige personeel hulle poste sou behou maar dat hulle met onbetaalde verlof sou gaan. [76]

Na afloop van die oorlog het die kwessie van personeellede wat aktiewe diens verrig het, se herindiensneming op departementele vlak ter sprake gekom. Vir sover vasgestel kon word, het net majoor Lennox-Short (Engels) aangesluit. Hy het egter in 1945 sy bedanking by die PUK ingedien [77] en het die PUK dus nie verdere belang by die aangeleentheid gehad nie. Dieselfde geld vir uitvoerige navrae van departementsweë met betrekking tot opleidingsprogramme wat na die oorlog deur universiteite vir oud-soldate aangebied is, met die oog op hulpverlening ten opsigte van die oprigting van tydelike geboue: die PUK het geen sodanige geboue opgerig nie. [78]

Teen die einde van 1940 is dit Wits rektor RH Raikes wat, as skakelpersoon tussen universiteite en die Suid-Afrikaanse Lugmag, met "Dear Postma" skakel en verneem of daar nie graadstudente of selfs oudstudente in wetenskaplike rigtings is wat belang sou stel om in 'n tegniese korps as deel van die grondbemanning van die Lugmag te dien nie. Onder moderne oorlogsomstandighede word "men with their heads screwed on straight" in hierdie sektor benodig. Hierdie keer was die reaksie darem effens beter en is die naam van een moontlike kandidaat deurgegee: Edmund Jones, 'n finalejaar BSc-student. Sy broer of 'n familielid, sê Postma, het reeds tot die oorlogsdiens toegetree. [79]

Weens die verslegtende oorlogstoestande in Europa en die impak daarvan op toestande in Suid-Afrika is daar vanaf die begin van 1942 heelwat aandag aan voorkoming van gebeurlikhede geskenk. Stormjaerbedrywighede as verset teen oorlogsdeelname het in 1941 'n piek bereik en in die nag van 28/29 Januarie 1942 is telefoon- en kraglyne in 'n massale sabotasiepoging aan die Witwatersrand, in Oos- en Wes-Transvaal, in die Vrystaat en in Noord-Kaap buite werking gestel. [80]

Reeds vroeg in Januarie 1942 is van PUK-kant besluit om twee blanke nagwagte aan te stel, om alternatiewe nagte diens te doen en ook beheer te neem van die swart nagwagte. Ook sou 'n derde swart nagwag aangestel word. In Februarie 1942 het daar van die kant van die militêre en die stadsraad inisiatiewe gekom en is die PUK se samewerking gevra vir hulpverlening in geval van "disorganisasie, epidemies en wat dies meer sy – alles moontlikhede wat ten enige tyd kan gebeur". Die PUK het sy ondersteuning toegesê aan 'n komitee wat vir dié doel in die lewe geroep is, met prof DJ du Plessis as verteenwoordiger. [81]

In April het prof du Plessis teruggerapporteer: geen probleme oor die reëlings nie, maar hy voorsien groot probleme oor die vorm van die eed wat onderteken moet word. As uitweg is aan die hand gedoen "dat ons hier as aparte P.U.K.-groep organiseer sonder die neem van enige eed, maar dat ons altyd in oorleg met die Stadsraad se Komitee optreë". [82]

In Oktober dieselfde jaar is weer met stadsraadslede beraadslaag en 'n stap verder gevorder. Mnr Gaisford, as voorsitter van die dorp se Beskermingsdienste komitee, het namens die stadsraad verduideliking gegee betreffende regulasies rakende verdonkering en



*4.2.*

*Pro DJ ("Rooibees") du Plessis (voor) ... aan die spits van Burgerlike Beskerming in die Oorlog.*

beskermingsdienste in die algemeen. Daarna is besluit dat van PUK-kant ingegaan sal word op alle aspekte rakende die saak en is proff LJ en DJ du Plessis en JC van Rooy as kommissie vir dié doel aangewys.[83]

Op 17 November 1942 het "Burgerlike Beskermingsdienste" aan die PUK struktuur gekry, tydens 'n samespreking waarby ook enkele dames, te wete mevv (prof) LJ du Plessis, Botha en Pelser, betrek is. Verskeie afdelings is in die lewe geroep. Eerstens was dit "Noodhulpdienste", behartig deur die dames onder leiding van mev (prof) LJ du Plessis. Prof Eiselen sou as adviseur optree en, sover hy kon, mans se hulp monster. Prof DJ du Plessis sou 'n span vir "Brandweer en Ontruiming" saamstel, die registrateur sou beheer hê oor "Opsig en Nagwag" terwyl prof LJ du Plessis, in sy posisie as huisvader, op sy beurt weer sou sorg dat personeel wat naby die PUK woon, in 'n "Sentrale Komitee" georganiseer word, om in spoedeisende gevalle op te tree.

Ook is besluit dat die rektor en viserektor se magte in tyd van nood gedelegeer word aan die huisvader, vir spoedige optrede. Reëlings is ook getref vir die aankoop van noodhulpkassies en die verkryging van 'n draagbaar en 'n verpleeglokaal, terwyl 'n hoop sand en emmers by elke gebou voorsien moes word, omdat sand beskou is as die mees doeltreffende middel om brande mee te blus. Om die probleem wat deur eedaflegging veroorsaak is, uit te skakel, sou die registrateur 'n vrywaringsdokument opstel om die Raad te beskerm teen enige moontlike eise.[84]

Reeds in Januarie 1944, terwyl die oorlog nog aan die gang was, het Luitenant-kolonel EG Malherbe, van die spesiale afdeling vir Demobilisasie, navraag gedoen oor studie fasiliteite aan terugkerende soldate. Op senaatsvlak is die skema van harte verwelkom en is gemeen "dat ons in besondere mate hulp sal kan verleen omdat die Potchefstroomse kamp vlakby die Universiteitsgeboue geleë is en hier baie soldate waarskynlik tot enige jare na die oorlog ingekwartier sal wees". Daar word reeds tot 'n mate hulp aan soldate verleen en, afhangende van die situasies in verskillende departemente, tydroosters en die aantal aansoeke kan daar dadelik voorsiening gemaak word vir buitemuurse klasse vir soldate.

Maar in die konsep antwoord was daar darem 'n "voorwaarde": "Ten slotte wil ons graag die vertroue uitspreek dat as een en ander mag lei tot noodsaaklike uitbreiding van personeel en uitrusting, die departement van Onderwys die behoeftes wat mag ontstaan gunstig sal oorweeg, waarby ook voorsiening gemaak sal moet word vir die moontlikheid dat aldus aangestelde personeellede na enige tyd oortollig mag word." Op 'n volgende vergadering, twee weke later, het prof LJ du Plessis, wat met die saak belas was, gerapporteer oor samesprekinge wat in hierdie verband met die stadsraad gevoer is en is 'n konsep antwoord goedgekeur.[85]

Op Raadsvlak was daar egter bedenkinge, vanweë "die ernstige gevaar verbonde aan die onbeheerde toevloei van groot getalle nuwe studente".[86] Tog het die PUK by 'n regeringskema in hierdie verband ingeval en het daar op die ou einde sewe sodanige studente of "Oud-Vrywilligers" in 1946 en twee in 1947 hul studies aan die PUK voortgesit. Die regering het vir hierdie studente se boeke, klasgelde en losies ingestaan.[87]

In Augustus 1946 was daar ook 'n versoek van die Amerikaanse gesant oor die moontlike opname van Amerikaanse oorlogsveterane aan die PUK. Die Senaat het nie probleme gehad nie en aanbeveel dat hulle op dieselfde basis as die voor-oorlogse Duitse uitruilstudente tot die universiteit toegelaat kon word.[88]

Terwyl die nuus van die vredesluiting in Augustus 1945 wêreldwyd en ook algemeen in Suid-Afrika toegejuig is, wou die PUK-studente ook wat beskryf is as 'n "nabetragtingsbyeenkoms" hou. SVR-voorsitter GHJ Kruger en KS van Wyk de Vries het die saak teenoor die Senaatsbestuur gemotiveer. Verskeie vrae is gestel en etlike lede van die bestuur het die mening uitgespreek dat die voorgestelde byeenkoms nie gehou sou word nie. Nadat die studente vertrek het, het die Senaatsbestuur eenparig besluit dat hy nie aan so 'n funksie goedkeuring kon heg nie "en die gevoele is dat studente op hierdie stadium ook geen ander vergaderings i.v.m. die vrede sal hou nie".

Wat die studente presies beoog het met hierdie "nabetragtingsdiens", word nie in die notules vermeld nie. Uit die trant van die genotuleerde besprekinge wil dit voorkom asof dit nie bloot net 'n vreugdebetoon sou wees nie en is dit waarskynlik die rede waarom die

ouer, besadigder vaders nie die groen lig wou gee nie. Dat die studente nie te ernstig hieroor gevoel het nie, blyk uit hul geredelike aanvaarding van die besluit van die senaatsbestuur.[89]

### 4.2.8 Met die koms van vrede ...

"Die oorlog is verby. Met die plotselinge rukslag van die atoombom is die vredesduif wat nog huiwerend rondgesweef het, skielik na die aarde neergetrek. Sy vere is egter so verwaai en deurmekaar dat dit 'n goeie tyd van regskud sal neem om hulle glad in posisie te kry." Met hierdie plastiese taal beskryf Deon Kempff, redakteur van *Die Besembos*, die situasie aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog.[90] Ook op die PUK sou daar, al was dit in 'n baie geringe mate, vere reggeskud moes word.

In sy oorsig oor die werksaamhede van 1945 het Postma in sy geykte samevattende slotparagraaf die volgende te sê gehad: "Sedert die tweede helfte van die jaar kon met die koms van **vrede**, waarna met verlange uitgesien is, die beklemming van die geweldige spanning van bykans 6 jaar afgeskud word en weer vryer asem gehaal word. Die Raad en Senaat is innig dankbaar dat gedurende die oorlogsjare gereeld met die werk deurgegaan kon word, daarin gesteun deur die beleid van die Regering van die land."[91]

Vir 'n man soos Postma, wat as hoof van die inrigting ten volle bewus moes gewees het van die middelpuntvliedende kragte in die boesem van die PUK, moes dit inderwaarheid 'n groot verligting gewees het dat die abnormale oorlogstoestande iets van die verlede was. Minstens sou hy nou nie meer te doen kry met inhegtenisneming en internering van personeel en/of studente nie!

Ook van studentekant is die belangrikheid van die beëindiging van die wêreldoorlog besef. Die ontwrigting van die oorlog het abnormale toestande geskep en daar moes nou na 'n natuurlike gang van sake teruggekeer word. "Maar", sê *Besembos*-redakteur Dion Kempff verder, "die oorlog het ons as Universiteit en as studentegemeenskap beslis ook beïnvloed, al is ons al die verskriklikhede van die materiële verwoesting bespaar en al kon ons as jongelui rustig by die studeertafel bly sit en nie in die klaterende tenk voortyl nie ... Ons eerste taak as studente bly vanselfsprekend die voorbereiding vir ons lewensroeping ... Dan is dit nou goed dat ons weer kontak kan kry met die Vasteland. Die mate van geestelike honger wat in die afgelope jare gely is, sal nou weer kan versadig word. Ook die vordering op wetenskaplike gebied, waarvan ons ten dele ontstoke was, sal moet nagevors en ingewerk word. Studiegeleenthede in Europa sal ook nou weer oopval."

Dat die PUK-gemeenskap darem nie heeltemal onkundig was van wat in stamland Nederland gebeur het nie, blyk uit Kempff se versugting dat die Vrije Universiteit spoedig weer in staat sal wees om die krag van die Calvinistiese beginsel uit te dra. En om te toon dat dit nie maar net vrome praatjies was nie, het Kempff die leiding geneem in 'n kollekte ten bate van die geesgenootlike inrigting in Nederland. **(kyk hoofstuk 3.3).**

Goedkoper en beter reisgeriewe sal die tussen-universitêre kontak en verkeer beslis ten goede kom en "die lamheid en traagheid, wat die hele wêreld deelagtig geword het as gevolg van die oorlog, en ook by ons ingekom het, moet afgeskud word". Studente-aktiwiteite moet opgeknap word, ware studenteskap nagestreef word. Maar dit alles, net op een voorwaarde: "Ons moet die krag van ons beginsel hê."[92]

Hoewel ver verwyderd van die aktiewe oorlogstoneel, het die Tweede Wêreldoorlog nie ongesiens en sonder uitwerking by die PUK verby gegaan nie. Die eie klein oorloggie tussen soldate en studente in Augustus 1940 was gelukkig 'n eenmalige affêre, terwyl die internering van sommige van die PUK se dosente en studente beslis nie aangenaam was nie, maar andersins nie juis enige afbreuk aan die akademiese werksaamhede van die inrigting gedoen het nie. Vanweë hul besliste opvattinge oor die meriete van oorlogsdeelname, wat natuurlik sterk gekleurd was deur die historiese stryd van Afrikaner nasionalisme teen Britse imperialisme, was daar ook nie sprake van ontwrigting as gevolg van aktiewe betrokkenheid by die oorlog op sowel die weg- as die tuisfront nie en sowel die akademiese programme as die georganiseerde studentelewe het normaal aangegaan.

Die knellende finansiële omstandighede as gevolg van die oorlog het ongetwyfeld ook normale uitbreiding en ontwikkeling aan die PUK aan bande gelê, maar dit het die PUK, as instansie wat dit maar van meet af aan nie alte breed gehad het nie, nie drasties geraak nie. **(kyk hoofstuk 3.4)** Waar die oorlog wel 'n groot impak op die PUK gehad het, was vir sover die doen en late van personeel veral 'n bepaalde beeld of persepsie geskep het wat van kardinale betekenis sou wees by die hervatting van veral internasionale akademiese betrekkinge. Die politieke bedrywighede van lede van die PUK-gemeenskap gedurende die oorlog was veral vir baie Nederlanders 'n steen des aanstoots en dit sou die tradisionele goeie verhoudinge, grootliks gefundeer op stamverwantskap, onder groot druk plaas.